# Johan H. Bavinck in gesprek met Westerse en Oosterse mistiek

## ’n Boodskap vir vandag?

*Bennie J. van der Walt*
*Skool vir Filosofie*
*Potchefstroomkampus*
*Noordwes-Universiteit*
*Potchefstroom*
*benniejvanderwalt@gmail.com*

## Abstract

***Johan H. Bavinck’s dialogue with Western and Eastern mysticism. A message for today?***

*For a variety of reasons all kinds of mystical writings and experiences have again become a common phenomenon. Mysticism seems to be like a creeper or climbing plant or even a parasite which may easily attach itself to existing religions and worldviews, the Christian included. Superficially viewed it may seem very attractive, in this way hiding its deceptive nature, full of inner contradictions. Therefore, the main question in this contribution is how one can escape from this labyrinth. The answer to the question is given in this article by a man who personally experienced the strong attraction of both Western and Eastern mysticism. The Dutch theologian, Johan Herman Bavinck (1895-1964), however, finally overcame its appeal by judging it’s tempting voice in the light of God’s voice in the Bible about genuine godliness, piety or spirituality. Apart from an introduction this essay firstly provides an overview of Bavink’s description of mysticism in his different publications. In the next, main section, it is followed by his assessment in the light of his Christian convictions. The conclusion indicates what he regarded as the correct substitute for mysticism.*

# 1. Inleidende opmerkings

Ter aanvang iets kortliks oor (1) die woord "mistiek" en die geskiedenis daarvan; (2) die huidige aktualiteit; (3) die plek van hierdie (eerste) artikel in 'n breër navorsingsprojek (4) 'n kort motivering waarom van J.H. Bavinck se gedagtes in dié verband nog steeds kennis geneem behoort te word.

## *1.1 Woord en geskiedenis*

Meestal word in die literatuur daarop gewys dat die Griekse selfstandige naamwoord *mysitkos* en die werkwoord *myein* wys op iemand wat sy oë, ore en mond sluit. Bloot hierdie woorde dui reeds daarop dat 'n mens in mistiek met die misterieuse, dit wil sê met iets byna onverstaanbaar en onuitspreekbaar, te make het. Soos nog duidelik sal blyk, impliseer 'n mistieke lewensvisie primêr diep belewing, warm ervaring, 'n gevoel wat nie logies geanaliseer of gesistematiseer kan word nie.

Oor die geskiedenis van dié verskynsel, is daar al ten oorvloede geskryf. 'n Mens sou die belangstelling in die onderwerp die afgelope eeu kan terugvoer na 1911 toe Evelyn Underhill (1875-1941) se baanbrekerswerk *Mysticism; a study in the nature and development of man's spiritual consciousness* die lig gesien het. Van Underhill (1967) se boek het in 1930 reeds 'n twaalfde uitgawe verskyn en dit is tot 1967 nie minder nie as nege maal herdruk!

Hierna verskyn daar 'n stroom van publikasies waarvan sommige positief en ander negatief is teenoor die mistieke verskynsel. (Vgl. bv. Wainwright, 1981, wat 'n oorsig van die belangrikste diskussies gee tot ongeveer 1980.) Intussen het werke oor dié saak eerder toe- as afgeneem. In die derde artikel in hierdie reeks (vgl. subafd.1.3 hieronder) sal aan enkele van die meer resente publikasies aandag gegee word.

Die saad van 'n mistieke lewensvisie en -gevoel lê ver in die antieke verlede en dit was reeds 'n volgroeide plant op heidense bodem toe die Christendom in die Weste daarmee kennis gemaak het – en dikwels daardeur verlei is.

Bavinck (bv. 1991:113) self gebruik graag die beeld dat mistiek soos 'n klimplant is wat soos 'n soort parasiet sigself aan bestaande godsdienste en lewensbeskouings vasheg en hulle identiteit verander. Ons vind dus ook mistieke trekke in die belangrike Oosterse religieë, soos die Boeddhisme, Hindoeïsme en by sekere groepe Moslems.

### 1.2 Huidige aktualiteit

Die stroom van populêre en akademiese publikasies (veral vanaf ongeveer die sestigerjare van die vorige eeu) getuig daarvan dat mistiek in een of ander vorm vandag weer die "in-ding" geword het en in die toekoms heelwaarskynlik nog groter populariteit gaan geniet. Ook onder Christene heers daar tans weer groot belangstelling hiervoor. Enkele meer resente voorbeelde is die werke van McGinn & McGinn (2003), King (2004), Van Schaik (2005), De Conick (2006) en Nelstrop, Magill & Onishi (2009).

Reeds vanaf die vorige eeu het verskillende vorme van Oosterse mistiek in die Weste populêr geword. Vandag word ook weer, soos duidelik blyk uit die herpublikasies en nuwe vertalings van hulle werke, na verskillende Westerse mistici teruggegryp (vgl. bv. Ruh, 1990 en McGinn, 1991).

ŉ Voorbeeld ter illustrasie is die geskrifte van die bekende Middeleeuse mistikus, Thomas à Kempis, veral sy werk *De imitatione Christi* (Die navolging van Christus). Naas die Bybel is dit seker een van die mees gelese boeke, waarvan daar letterlik duisende uitgawes in talle wêreldtale die afgelope eeue die lig gesien het. (Vir ŉ vertaling in Afrikaans, vgl. Thomas à Kempis, 1952). Tans geniet hierdie boek, asook ander aan hom toegeskryf, weer groot populariteit (vgl. bv. Thomas à Kempis, 2013a, 2013b en 2013c).

Die vraag waarom ŉ mistieke lewensgevoel juis in hierdie tyd weereens ŉ grootskaalse herlewing belewe is belangrik. Hier kan egter slegs enkele moontlike redes genoem word.

Groenewoud (1994:101; vgl. ook 1975) wys byvoorbeeld op die feit dat die huidige verwetenskapliking en vertegnisering van die mens van ons tyd se leefwêreld tot versaakliking en verarming lei, waarteenoor mistiek gevoelvolle, warme ervaring aanbied. Ook die teenswoordige gejaag na materiële welvaart kan nie die diepere behoeftes van menswees bevredig nie. Verder leef ons tans in die irrasionalistiese klimaat van die postmodernisme met groot klem op "spiritualiteit" (vgl. bv. Tacey, 2004 en die standaardwerk van Waaijman, 2002). Ander skrywers vestig die aandag daarop dat mistiek verwelkom word wanneer geloofsgemeenskappe in dooie formalisme verval het (vgl. bv. Duquoc & Gutiérrez, 1994).

### 1.3 Die eerste van ’n reeks

Hierdie bydrae bevat die eerste gedeelte van ’n verslag oor ’n breër navorsingsprojek in verband met mistieke spiritualiteit. Dit en die volgende artikel handel oor hoe twee gereformeerde denkers uit die vorige eeu daaroor besin het. Hulle was duidelik baie meer krities daarteenoor ingestel as die meeste huidige Christene. In die derde artikel word na die semi-mistieke oriëntasie van Johannes Calvyn (1509-1564) en Abraham Kuyper (1837-1920) gekyk. Die vierde artikel sal ’n steekproef bevat uit ouere en resente filosofiese navorsing oor sowel sekulêre as godsdienstige mistiek. In die vyfde (slot) artikel sal, in die lig van voorafgaande vier bydraes, weer teruggekeer word na die semi-mistieke denke in die huidige Christelike en gereformeerde denkwêreld om tot finale beoordeling te bereik.

### 1.4 Die probleem beantwoord in die lig van ’n persoonlike worsteling

Die twee belangrike, samehangende vrae wat hierdie reeks artikels wil beantwoord is, eerstens, wat mistiek (ten spyte van sy talle vorme) basies inhou en, tweedens, wat ’n Bybel-getroue Christen se standpunt daaroor behoort te wees.

Soos hierbo genoem, sien sommige – selfs evangeliese – Christene dit in ’n positiewe lig. Reeds in die vorige eeu beskou byvoorbeeld Corduan (1991) mistiek as ’n integrale deel van egte, Bybelse spiritualiteit. Hierdie visie het tans feitlik ’n algemene tendens geword (vgl. bv. Fick, 2009).

So ’n (soms byna kritieklose) aanvaarding van ’n mistieke geloof staan egter in kontras met sekere gereformeerde denkers uit die vorige eeu. Twee van hulle word in die eerste twee artikels in hierdie reeks aan die woord gestel. Volgens hulle behels ’n mistieke geloof nie egte vroomheid nie, maar beteken dit eerder die dood van ware Christelike geloof. Wat hulle ook (semi-)mistiek geskryf het, kan dus help om (in die slotartikel van hierdie reeks) ’n meer gebalanseerde antwoord op bogenoemde twee vrae te bied.

Hier volg ’n kort motivering waarom die keuse vir hierdie eerste bydrae geval het op die Nederlandse teoloog, Johan Herman Bavinck (1895-1964). Vooraf net eers enkele bakens uit sy lewensgeskiedenis as agtergrond.

#### 1.4.1 ’n Kort lewensskets

Bavinck studeer teologie aan die Vrije Universiteit in Amsterdam en behaal in 1919 sy doktorsgraad in Duitsland oor die mistieke psigologie van Heinrich von Suso. Na ’n jaar as predikant in

Nederland (1920), word hy ook dominee vir die Nederlandse burgers in Medan en Bandoeng (Indonesië). In 1927 is hy terug as pastor in sy vaderland, maar vertrek in 1930 weer terug na Indonesië, nou as sendeling onder die Javane in Surakarta en ook as lektor by die Javaanse Teologiese Skool in Yogyakarta. Terug in Holland was hy (vanaf 1939 tot 1954) eers professor in Missiologie aan die Teologiese Skool van Kampen en later in Praktiese Teologie aan die Vrije Universiteit. (Vir 'n volledige oorsig oor sy lewe, vgl. Visser, 1997:22-85 en Holtrop 2006.)

*1.4.2 Bavinck se natuurlike aangetrokkenheid tot die mistiek*

Bavinck het self erken (ek vertaal): "Ek is met 'n sterk neiging tot identiteitsmistiek as't ware gebore, daarom kan ek daaroor praat, want ek moet elke dag daarteen stry". (Vgl. Visser, 1997:37, voetnoot 86.)

'n Rede vir sy natuurlike belangstelling in mistiek lê heelwaarskynlik daarin dat hy opgegroei het in 'n gesin waarin die bevindelike vroomheid van die Nadere Reformasie nog geleef het. (Sowel sy oupa as sy pa was predikante en sy oom, die bekende Herman Bavinck, professor in Dogmatiek.) Self was hy ook iemand wat uit 'n innige, persoonlike omgang met God geleef het (vgl. Okkema, 1984 en Visser, 1997:83).

Bavinck is (soos duidelik blyk uit sy boek van 1934 oor die Oosterse mistiek) verder sterk beïnvloed deur die vroeëre, semi-mistieke kerkvader, Augustinus.

Ook die destydse heersende Gereformeerde teologie het (soos onder andere uit hulle spekulasies oor 'n trigotomistiese antropologie blyk) hul invloed laat geld. Bavinck self het in sy vroeëre publikasies oor die sielkunde dan ook nog probeer om die "argitektuur" van die menslike siel na te vors.

*1.4.3 Ervaring van Oosterse en Westerse mistiek*

'n Volgende faktor is dat hy nie net besondere belangstelling in die Oosterse mistiek gehad het nie (vgl. weer Bavinck, 1934), maar (soos hierbo vermeld) alreeds vroeër op 'n diepgaande wyse met 'n Westerse, laat-Middeleeuse denker in gesprek getree het. Dit het gebeur met sy proefskrif (Bavinck, 1919) oor die Christelike mistikus, Heinrich von Suso.

Vollenhoven noem (reeds in 1933:225-6) die volgende drie verwante mistieke denkers: Eckehardt (1260-1328), Tauler (1300-1361) en Suso (1295-1366) en plaas toe reeds terselfdertyd vraagtekens by hulle Christelike mistiek.

Later vind ons by Vollenhoven (2000:94, voetnoot 4; p. 162, voetnoot 8, en p. 157, voetnoot 7) meer besonderhede oor Meister Eckehardt en sy twee leerlinge, Johannes Tauler en Heinrich van Suzo (Suso of Seuse). By eersgenoemde kry ons ŉ mistieke eenwording met die hoogste godheid. Tauler leer dat die individuele menslike bestaan uitgaan en weer in ŉ unio mystica terugkeer na die universele syn, wat dieselfde as God sou wees. Ook Seuse skryf van ŉ uitvloeiing uit God en dat die "Seele" vrygemaak moet word tot ŉ "van hart tot hart" mistieke eenwording met God. By al drie wys Vollenhoven ook op die duidelike Platoniese invloed – ŉ tipiese kenmerk van die Westerse (semi-)mistieke denke. (Vir verdere verhelderende opmerkings oor die mistiek vgl. Vollenhoven, 2000:25, 336-340, 341-342 en Vollenhoven 2005:272-273.)

Bavinck se leef- en denkwêreld word dus tipeer deur sy voortdurende bemoeienis met die mistiek, want (op 05/10/1956) handel sy afskeidsrede as professor in Missiologie ten slotte weer oor "Het evangelie en het mystisch levensgevoel" (vgl. Bavinck, 1991:145 e.v.).

Tot sover enkele verduidelikings vir hierdie gereformeerde teoloog se persoonlike – nie net akademiese nie – belangstelling in mistiek. Op grond hiervan is die motivering vir die keuse om hom aan die woord te stel die volgende: Johan Bavinck )(nie te verwar met die bekende teoloog *Herman* Bavinck (1854-1921), Johan se oom nie)) was die eerste gereformeerde teoloog wat nie net (in sy proefskrif) akademies met die Christelik georiënteerde Middeleeuse, Westerse mistiek geworstel het nie. Op konkrete wyse is hy as sendeling in Indonesië (onder die mense van Java) ook met die Oosters-heidense, mistieke lewensgevoel gekonfronteer. Bowendien het hy sy ervaring daarvan en kritiek daarop ook op skrif gestel – om vandag nog koers aan te dui.

### *1.4.4 ŉ Helder, pakkende styl*

ŉ Laaste, minder belangrike rede, maar een wat by die skrywer hiervan ŉ rol gespeel het, was die besonder helder en tog boeiende, meevoerende wyse waarop Bavinck kon skryf.

*1.4.5 Bavinck nou ook in Engels beskikbaar*

Selfs afgesien van sy nadenke oor die mistiek van Wes en Oos is Bavinck ’n skrywer om van kennis te neem. Gelukkig word sy werk stadigaan weer herontdek. Van Woudenberg tree byvoorbeeld as redakteur op vir ’n bundeltjie met ’n keuse uit sy nalatenskap (vgl. Bavinck, 1991). Te min van sy werke (bv. Bavinck, 1981) het in Engels verskyn. Daarom is die *Bavinck Reader* (vgl. Bavinck, 2013) wat onlangs in die VSA gepubliseer is ’n belangrike gebeurtenis. (Dit bevat vertalings van sy gedagtes oor God se algemene openbaring aan alle mense, religieuse besef en – gelukkig – ook ’n Engelse weergawe van *Christus en de mystiek van het Oosten* van 1934).

Hiermee is voldoende agtergrond gebied om na Bavinck se beskrywing van die mees kenmerkende trekke van die mistieke denke en lewenswyse oor te gaan.

## 2. Bavinck oor die hoofkontoere van mistiek in die algemeen

In die volgende opsigte is hierdie samevatting onvolledig. Eerstens is nie alle geskrifte van Bavinck geraadpleeg nie. Sy proefskrif van 1919 kon ek nie bekom nie, hoewel ek heelwat oor Suso kon nalees (o.a. in King, 2004:110 e.v.). Daar is gekonsentreer op Bavinck 1934, 1991 en 2013.

In die tweede plek is ook nie aandag gegee aan die soms groot verskille tussen die Westerse en Oosterse mistieke denke nie. (Soms doen Bavinck self dit ook nie, tensy hy eksplisiet op een van hulle fokus.) Die gemeenskaplike trekke geniet ook weens die beperkte lengte van ’n artikel hier die voorkeur.

In die derde plek word die groot hoeveelheid gegewens in Bavinck deur die huidige skrywer verkort en gesistematiseer – wat natuurlik ook iets van ’n mens se eie standpunt kan verraai.

Vervolgens word dus gelet op (1) Bavinck se definisie van mistiek, (2) die mistieke beeld van mens en God, (3) die mistieke verlossingsidee en (4) verlossingsweg, (5) mistiek as selfveragting.

### *2.1 ’n Kort omskrywing*

Bavinck erken dat mistiek moeilik ontleed- en definieerbaar is. Hy is nogtans van mening dat enige mistiek ten diepste die soeke van die mens na verlossing is. Die bevryding moet bereik word deur ’n verborge plek in die

mens, wat ŉ regstreekse, dit wil sê onbemiddelde, toegang tot aanraking met die god/godheid/God sal bied (vgl. bv. Bavinck, 1991:112).

### 2.2 Die menslike en goddelike in die mistiek

Volgens Bavinck is daar by alle mense ŉ inherente religieuse besef, ŉ strewe na verlossing uit aardse ellende (vgl. Bavinck, 1949 en 2013:145-302 vir die Engelse weergawe). Mistiek weerspieël ook hierdie algemeen-menslike trek – dit soek na ware verlossing, bevryding uit die ondermaanse.

Om enige vorm van mistiek te probeer verstaan, moet ŉ mens volgens Bavinck egter in gedagte hou dat daar vir die mistikus nie ŉ wesentlike, grondige verskil – soos dwarsdeur die Bybel duidelik blyk – tussen die aardse, menslike en bonatuurlike, goddelike werklikhede bestaan nie. Alles wat bestaan, vorm ten diepste ŉ eenheid.

Maar tegelyk word ook erken dat die individuele mens die mikrokosmos is, wat staan teenoor die universele makrokosmos. Die mens is, in beelde gestel, ŉ druppel of golfie in die oseaan, ŉ vonkie van/in die goddelike vuur. Daar is volgens die mistiek dus, hoewel nie radikale nie, tog ŉ graduele verskil tussen iets transendent en die nie-transendente, aardse werklikheid.

### 2.3 Die sleutel tot mistieke verlossing

In die mistiek is die vraag nogtans nie wat die *grens* tussen die goddelike en menslike is nie, maar presies waar in hierdie werklikheid onder die son die verborge *poort of skakel* tussen die absolute en die mens geleë is. Waar is die *naat* te vinde waar hierdie tydelike, verganklike bestaan *naatloos* oorgaan in die ewige, onverganklike?

Volgens die mistiek is hierdie poort na die goddelike in die mens self te vinde. Dit word met verskillende name aangedui, maar kom basies daarop neer dat in die mens ŉ siel of hoëre, goddelike siel (of gees) teenwoordig is, wat die mens aan die goddelike verwant maak. Daarin (in sy siel) ontmoet mens en god mekaar – selfbewussyn lei tot godsbewussyn.

Wanneer op hierdie wyse die menslike, met die goddelike saamval, vind mistieke verlossing plaas. Mistiek is basies ŉ menslike versinking in die allesomvattende oer-ene.

### 2.4 Die mistieke verlossingsweg

So ŉ eenwording tussen God en mens is egter nie ŉ eenvoudige, maklike pad nie, want om goddelik te kan word moet die mens eers van sy menswees ontslae raak. Daarom beskryf mistici gewoonlik ŉ lang, moeisame weg met

allerlei tegnieke wat gevolg moet word om uiteindelik die hoogtepunt van ’n ekstatiese eenheid met die godheid te kan beleef. Ek laat die detail hier en wys slegs waarop die proses in essensie neerkom.

### *2.5 Mistieke selfveragting*

Volgens die mistiek is die mens se siel of gees van goddelike afkoms en tog is hy/sy liggaamlik nie goddelik nie. Daarom moet die mens self eers (veral liggaamlik) sterf om goddelike eenheid te kan bereik. Bavinck beskryf meermale hierdie asketiese proses waarin die mens sy sinnelike, wêreldse begeertes moet afsterf om by sy (semi-goddelike) innerlike sielelewe en vandaar by die finale goddelike eenheid te kan uitkom. Hy haal byvoorbeeld graag (vgl. bv. Bavinck, 1934:211) ’n Moslem-mistikus aan, wat gesê het: “Hell is where thou art, and paradise where thou art not”.

Daar bestaan dus twee rigtings: Eers moet die mistikus diep in sy eie siel *afdaal* om vandaar te kan *opgaan* en verdrink in die godheid. Dan smelt mens en god as’t ware saam. Die gevolg is (vgl. Bavinck, 1991:102) dat ek nie meer ek is nie en God nie meer God nie. Ek is god en God is ek. Volgens Bavinck is hierdie die kern-evangelie van die mistiek.

Die leser sal egter besef dat die mistieke evangelie ’n ongelooflike teenstrydigheid bevat: Wat is die sin daarvan vir die mens om na God te soek as die voorwaarde is dat hy (die mens) moet verdwyn?

Na hierdie weergawe van Bavinck se eie weergawe van die basiese kenmerke van die mistiek, kan sy kritiese, Christelike respons daarop nou gegee word.

## 3. Die mistiek krities beskou

Bavinck sê herhaaldelik in sy geskrifte dat die mistiek op die oog af na iets mooi, edel, warm, innig en vroom lyk en daarom so ’n besondere aantrekkingskrag besit. Maar uiteindelik loop dit nie uit op die verlossing wat dit beloof nie, maar is dit ’n illusie, ’n wensdroom – selfbedrog (vgl. bv. Bavinck, 1991:99). Wat is sy redes vir so ’n gevolgtrekking?

Bavinck se afwysing van die mistiek kan onder die volgende punte saamgevat word: (1) ’n onbybelse godsidee, (2) mensidee, (3) verlossingsidee, (4) wêreldbeskouing, (5) idee van geskiedenis en (6) normatiewe onduidelikheid.

### 3.1 ’n Onbybelse godsidee

Volgens die mistiek is, soos al genoem, god/die godheid/goddelike ’n deel van die omvattende synde of bestaande en nie, soos die Skrif leer, ’n eie selfstandige werklikheid verhewe bo die geskape, aardse werklikheid nie. (Daarom is dié soort god ook immanent in die menslike siel teenwoordig.) Tussen die goddelike en menslike sou hoogstens ’n *graduele* verskil bestaan, terwyl die Bybel telkens die aandag op hulle *radikale* onderskeid lê.

Volgens Bavinck kan die mistiek dus nooit die ware God ontdek nie. Die sogenaamde god wat ontdek word, is slegs ’n projeksie van die mens – mistiek begin en eindig by die mens self.

Wanneer ’n mistikus dus praat van goddelike fluisteringe, openbaringe en visioene in sy siel, is hy/sy eintlik net besig om na sy eie stem en verbeelding te luister. Ook mistieke gebede behels niks meer as ’n alleenspraak met jouself nie.

Bavinck (1991:199) se finale gevolgtrekking is dat mistiek ’n oortreding van en dus sonde teen die heel eerste van die tien gebooie is, naamlik om nie ander gode in die plek van die ware God te vereer nie. Meer nog: in die mistiek het ’n mens met die oersonde van Adam en Eva te kampe, naamlik die hoogmoedige begeerte om soos God, self god, te wil wees.

Bavinck (1991:189) verwys na Karl Barth wat gesê het dat mistiek ’n soort esoteriese ateïsme is. Eintlik het mistiek nie (soos bv. in die Boeddhisme) ’n god nodig nie. Baie voorbeelde van sekulêre mistiek bestaan. (Kontemporêre literatuur, waarin daar ’n onderskeid tussen “godsdienstige” en “ongodsdienstige” mistiek gemaak word, staaf hierdie bewering.)

### 3.2 ’n Onskriftuurlike mensbeskouing

Soos hierbo beskryf, ontdek die mistikus in sy eie siel of gees die geheime naat tussen homself en die goddelike, dié poort na die absolute syn. Omdat selfs Christene nog van mening is dat die mens uit twee afsonderlike komponente (liggaam en siel/gees) sou bestaan, kon die mistiek maklik by hierdie mensvisie aansluit. Die Bybel ken egter nie so ’n tweedelige (digotomistiese) mens nie.

Indien die mens nie ’n afsonderlike, onsterflike, halfgoddelike siel besit nie, waaroor gaan dit dan in die mistieke klem op die innerlike van die mens? Dit gaan volgens Bavinck basies oor ’n mens se gevoelslewe. Die mens se emosionele lewe moet dus as “springplank” na die goddelike dien. Soos reeds genoem, word egter in ’n uitsiglose kringloop verval: Die mistieke weg

begin nie net by die mens se eie emosionele ervaringe nie, maar eindig ook daar.

### *3.3 Geen werklike verlossing*

Op die keper beskou, beteken mistiek dus niks anders as ’n wanhopige poging tot *self*verlossing nie. Bowendien is die weg na eie bevryding besaai met innerlike teenstrydighede. Een daarvan het reeds hierbo na vore gekom: die feit dat die mens, om homself te kan *verlos*, homself moet *vernietig*.

Volgens Bavinck (1934:218) beteken die mistieke uitgaan uit jouself dus nie selfverlossing nie, maar selfuitblussing. Die sonde teen God se eerste gebod dra ook hier ’n boemerang-karakter, ’n element van selfmoord, dit bevat in sigself al ’n straf.

Terwyl mistiek leer dat die mens, om tot sigself te kom, *een* moet word met God, merk Bavinck skerp op dat ’n mens eers werklik tot homself kom wanneer jy besef dat jy van die Vader *geskei* is (vgl. Luk. 15:17). Anders gestel: Ware verlossing beteken nie dat ’n mens na God moet probeer *opklim* nie, maar dat Hy in Jesus Christus na ons *afgekom* het. Selfverlossing is ’n sondige droom ...

Hierbo (onder 2.1) is genoem dat Bavinck die mistiek onder meer as ’n *regstreekse*, *onbemiddelde* toegang tot die goddelike tipeer. Hierteenoor is sy kritiek as Christen dat so ’n onbemiddelde weg nie bestaan nie. Daar bestaan geen regstreekse toegang tot die onsienlike God wat in ’n ontoeganklike lig woon nie, behalwe deur sy eie Middelaar, Jesus Christus. Op die keper beskou, bring geen mistieke geloof die mens dus nader aan die ware God nie, maar verwyder dit hom/haar eerder verder van Hom af.

Daar is egter nog meer implikasies. As die mens, in sy poging tot vergoddeliking, homself moet vernietig, wat word dan van menslike verantwoordelikheid?

Verder bots die mistieke poging tot selfvernietiging met die hart van die ware Evangelie. Dit leer duidelik dat God geen begeerte het om sy skepping en die mens te *vernietig* nie, maar dit wel te *vernuut*.

### *3.4 ’n Quiëtistiese wêreldbeskouing*

Omdat dit na ’n volkome, passiewe opgaan in die goddelike strewe, is mistiek volgens Bavinck inherent quiëtisties van aard (vgl. hiervoor ook Vollenhoven, 2005:345-346). Omdat dit net in God en die eie siel geïnteresseerd is, het dit geen behoefte om iets aan die konkrete omstandighede daarbuite

te verander nie. (Bavinck noem die voorbeeld van ’n Oosterse, mistieke priester wat die hele dag in die tempel sit en mediteer terwyl sy kinders hongerly.) Soos hierbo reeds genoem, vernietig die mistiek dikwels menslike verantwoordelikheid teenoor die medemens en omgewing. In die lig van die Skrif beteken dit die dood van ware Bybelse Godsdiens: die mens se omvattende roeping om alles wat vervorm en verval het, te hervorm en te herstel.

### *3.5 ’n Onhistoriese instelling*

Bavinck wys meermale daarop (bv. in 1991:113) dat tyd en dus geskiedenis deur mistieke denkers as iets onbelangriks beskou word en dus nie ernstig bejeën word nie. Die wêreld waarin die mistikus leef, is ’n soort tydlose, innerlike wêreld waarbuite feitlik niks van enige belang gebeur nie.

Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Die mistikus is slegs geïnteresseerd in sy eie sielservaringe. Verder streef hy na eenwording met die ewige, tydlose Een. Bereik sy/hy wel so ’n ekstatiese eenheid, duur dit ook slegs ’n enkele, tydlose oomblik.

Hierteenoor stel Bavinck die Bybelse boodskap wat op historiese feite gegrond is. God roep gelowiges ook in ’n spesifieke tyd en binne bepaalde historiese omstandighede om Hom te dien.

### *3.6 Normatiewe vaagheid*

Omdat die mens tot die goddelike verhef sou word, kom hy (die mens) net soos die godheid as’t ware bo enige wet te staan en hoef eintlik nie aan enige norme (behalwe natuurlik sy selfopgelegde mistieke riglyne) gehoorsaam te wees nie. Ten spyte van mistici se gejammer oor hulle eie armsalige geestestoestand, kan hulle gevolglik as heel besondere mense baie hoogmoedig teenoor hulle naaste optree – ’n duidelike voorbeeld dat hulle selfs bokant God se sentrale liefdesgebod verhewe sou wees.

### *3.7 Gevolgtrekking*

Saamgevat is Bavinck se konklusie dat die mistiek ’n soort paradoksale narkose is, wat ’n mens aan die slaap maak en in ’n droomwêreld laat beland. Volgens Bavinck staan daarteenoor die ware Evangelie, wat mense werklik uit hulle slaap wakker kan skud en laat lewe.

Wat dit beloof – ’n lewende, vroom, innige geloofslewe in die geval van Christelike mistiek – is in werklikheid ’n dooie geloof. Dit is dus ’n pyp-droom dat ’n mistieke ingesteldheid sterwende kerke sal kan laat herleef.

ŉ Herinnering aan Bavinck se beeld (hierbo) dat die mistiek soos ŉ klim- of parasietplant is, wat sig aan enige godsdiens vasheg, is hier ter sake. Die bekende Suid-Afrikaanse voëlent (ŉ parasietplant wat op ander plante groei) bevorder nie die lewenskrag daarvan nie. Dit onttrek eerder die gasheerplant se lewensmoontlikhede, sodat dit uiteindelik heeltemal doodgaan.

Uit die voorafgaande is dit baie duidelik dat Bavinck as Christen nie – soos vandag baie algemeen die geval is – mistiek in sy Christelike geloof wou akkommodeer nie. Hy het dit as ŉ uiters gevaarlike, onbybelse verleiding beskou. Uit sy persoonlike betrokkenheid by die mistiek van die Weste en die Ooste het hy egter ook geleer.

## 4. Wat Christene uit die mistieke lewensgevoel kan leer

Bavinck stel (vgl. 1991:134) ten slotte dus die vraag of ŉ blote "nee" teenoor Westerse en Oosterse mistiek voldoende reaksie vir ŉ Christen is. Is daaruit nie ook iets positiefs te leer nie?

### *4.1 ŉ Groot leemte*

Omdat hy nog steeds die begrip *unio mystica* gebruik, wonder ŉ mens eers of hy nie tog maar – al is dit net gedeeltelik – voor die groot verleiding van die mistiek geswig het nie. Hy bied egter ŉ *alternatief* wat nie by die mistieke denke *aanknoop* nie. Want sy jarelange ervaring en kennis van die mistiek het hom tog van ŉ leemte by die Christendom van sy tyd bewus gemaak.

Tydens Bavinck se lewe was die geweldige afmetings wat die hedendaagse sekularisme intussen – ook in sy eie vaderland – aangeneem het nog nie so duidelik nie. (Sekularisme beteken basies om sonder God en sy verordeninge te lewe.) Miskien het sy sensitiewe gees egter wel reeds die trillinge van hierdie toekomstige geestelike tsunami opgetel, want reeds in sy eie tyd vind hy nie meer ŉ waaragtige roep, ŉ skreeu na die ware God nie (Bavinck, 1991:143). Die gejaag na materiële welvaart het ernstige geestelike bloedarmoede tot gevolg. Hy wys byvoorbeeld op die gebrek aan persoonlike meditasie, die rustige bepeinsing van die ontsaglike ryk geskenk wat gelowiges in Christus ontvang het. Ook in die kerklike lewe merk hy op dat daar nie genoeg dankbare blydskap meer teenoor God is nie (1 Tes 5:16) en dat oppervlakkigheid toeneem.

## *4.2 Die alternatief*

Die mistieke denke herinner Bavinck aan al hierdie leemtes en spoor die Christendom aan om dieper na God se Skrifwaarhede te luister. Op dié wyse word mistiek egter omskep in iets heeltemal anders, naamlik waaragtige gemeenskap met God drie-enig.

Bavinck noem dit ook ŉ vroom praktyk (*praxis pietatis*), praktyk van Godsaligheid of Godsvrug. Hy plaas ook besondere nadruk daarop dat so ŉ gemeenskap met God nie moontlik is buite Jesus Christus nie. ŉ Hele aantal Skrifgedeeltes waarin van "in Christus" sprake is, word behandel (vgl. Bavinck, 1991;135).

Hy verstaan hierdie tekste egter nie soos Heinrich van Suso nie. Hierdie mistikus het met Christus probeer een word deur, soos Christus, te probeer ly, byvoorbeeld deur homself te gesel. Nee, sê Bavinck, verlossing is nie iets wat ŉ mens self kan *skep* nie, maar reeds "in Christus" *ontvang* het. Christus is nie in die eerste plek ons Voorbeeld nie, maar ons Verlosser.

Christus se lyde is bowendien ŉ historiese feit (nie iets tydloos nie). Die in-Christus-wees raak die mens op die diepste, innigste vlak van sy bestaan (Bavinck, 1991:137). Dit vernuwe terselfdertyd die hele mens in alles wat hy/sy doen, sodat hy/sy, soos Henog van ouds, elke oomblik met God kan wandel (Gen 5.24).

## *4.3 Ware spiritualiteit*

Moontlik kan Christene van die 21ste eeu nog steeds iets leer uit Bavinck se persoonlike worstelinge met mistiek. Soos wat Bavinck die aantrekkingskrag van die mistiek aan eie hart ervaar het, beleef ons vandag weer die geestelike suigkrag van allerlei soorte spiritualiteit. Soos wat Bavinck in die vorige eeu die verleiding van die mistiek in die lig van God se Woord oorwin het, moet ons ook vandag weer die gees beproef (1 Joh 4:1) van die talle vroom spiritualiteite wat op die geestelike wêreldmark aangebied word.

Die gevaar aan die meeste van hulle verbonde, is soortgelyk aan dié van die mistiek. Die "spirituele" word beperk tot slegs een dimensie (die sg. geestelike) van die lewe. Ongelukkig is dit presies wat die hedendaagse sekularisme beoog en verkondig: Jou geloof is iets persoonliks, privaat, dit het niks vir die res van jou alledaagse bestaan te sê nie.

Spiritualiteit, reg verstaan, dui op die sentrale, diepste en omvattende religieuse dryfkrag van enige mens se hele lewe. Daar moet egter duidelik tussen twee verskillende rigtings onderskei word. Enersyds mense wat hulle

eie spiritualiteit ontwerp en daarin hulle verlossing soek. Andersyds diegene wat na God se Woord wil luister.

Volgens Gods Woord is ŉ spirituele mens nie iemand wat in ŉ geestelik-mistieke wêreld lewe nie. Dit is die gelowige wat in *alle* dinge deur die Heilige Gees gelei word om *al* God se verordeninge vir die lewe te gehoorsaam (Gal 5:25). Radikaler gestel: Dit is die mens wat nie op homself gerig is nie, maar *homself* – geheel en al – as ŉ lewende en heilige dankoffer aan God wy (Rom 12:1-3).

## Bibliografie


BAVINCK, J.H. 1919. *Der Einfluss des Gefühls auf das Assoziationsleben bei Heinrich von Suso*. Erlangen: Universität Buchdrukerei von E.Th. Jacob.

BAVINCK, J.H. 1934. *Christus en de mystiek van het Oosten*. Kampen: Kok.

BAVINCK, J.H. 1949. *Religieus besef en Christelijk geloof*. Kampen: Kok.

BAVINCK, J.H. 1981. *The church between temple and mosque*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

BAVINCK, J.H. 1991. Mystiek & Het Evangelie en het mystisch levensgevoel. In: Van Woudenberg, R. (Red.), *J.H. Bavinck (1895-1964); een keuze uit zijn werk*. Kampen: Kok. 110-144, 145-153.

BAVINCK, J.H. 2013. *The J.H. Bavinck Reader*. (Bolt, J., Bratt, J.D. & Visser, P., Eds.) Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

CORDUAN, W. 1991. *Mysticism: an Evangelical option?* Grand Rapids, Michigan: Zondervan Pub. House.

DE CONICK, A.D. (Ed.). 2006. *Paradise lost; essays on early Jewish and Christain mystics*. Atlanta: Society of Biblical Literature.

DUQUOC, C. & GUTIERREZ, G. 1994. *Mysticism and the institutional crisis*. London: SCM Press.

FICK, P.H. 2009. *Julianus Pomerius as mistikus; ŉ dogma-historiese studie*. Potchefstoom: Noordwes-Universiteit. (D.Phil.-proefskrif.)

GROENEWOUD, G. 1975. Middeleeuwse mystiek en hedendaagse filosofie. *Radix*, I:177-186.

GROENEWOUD, G. 1994. Geloof en mystiek. In: Zijlstra, A. & Doornebal, R.J.A. *Christelike filosofie in beweging*. Amsterdam: Buijten & Schipperhijn. 101-110.

HOLTROP, P.N. 2006. Bavinck, Johan Herman. In: *Biografisch Lexicon voor de Geschiedenis van het Nederlandse Protestantisme*, Deel 6. Kampen: Kok. 27-29.

KING, U. 2004. *Christian mystics; their lives and legacies throughout the ages*. London: Routledge.

MCGINN, B. 1991. *The presence of God; a history of Western mysticism*. (5 volumes). New York: Crossroad Pub.

MCGINN, B. & MCGINN, P.F. (Eds.). 2003. *Early Christian mystics*. New York: Crossroad Pub. Co.

NELSTROP, L., MAGILL, K. & ONISHI, B.B. (Eds.). 2009. *Christian mysticism; an introduction to contemporary theoretical approaches*. Farnham, Surrey: Ashgate.

OKKEMA, J.C. 1984. Bavinck. In: *De Afgescheidenen van 1834 en hun nageslacht*. Kampen: Kok. 154-170.

RUH, K. 1990. *Geschichte der abenlandische Mystik*. (4 bande). München: Verlag C.H. Beck.

TACEY, D. 2004. *The spirituality revolution; the emergence of contemporary spirituality*. New York: Brunner-Routledge.

THOMAS á KEMPIS. 1952. *Die navolging van Christus*. (Vert. deur A.S. Geyser). Kaapstad/Pretoria: HAUM J.H. de Bussy.

THOMAS á KEMPIS. 2013a. *Het leven van Jezus Christus, gebeden en overdenkingen*. (Koekoek, J., Red.) Kampen: Kok.

THOMAS á KEMPIS. 2013b. *Thomas á Kempis: liefde, mystiek, levenskunst.* (Van Beusichem, M., Red.) Zoetemeer: Boekencentrum & Stichting Thomas á Kempis.

THOMAS á KEMPIS. 2013c. *The imitation of Christ*. (Transl. by A. Craf, & H. Bolton). New York: Dover Publications.

UNDERHILL, E. 1967. *Mysticism; a study in the nature and development of man's spiritual consciousness*. London: Methuen & Co.

VAN SCHAIK, J. 2005. *In het hart is Hij te vinden; een geschiedenis van de Christelijke mystiek*. Zeist: Uitgeverij Christofoor.

VISSER, P.J. 1997. *Bemoeienis en getuigenis: het leven en de missionaire theologie van Johan H. Bavinck*. Zoetemeer: Uitgeverij Boekencentrum.

VOLLENHOVEN, D.H.Th. 1933. *Het Calvinisme en de reformatie van de wijsbegeerte*. Amsterdam: H.J. Paris.

VOLLENHOVEN, D.H.Th. 2000. *Schematische Kaarten; filosofische concepties in probleemhistorisch verband*. (Bril, K.A. & Boonstra, P.J., Reds.) Amstelveen: De Zaak Haes.

VOLLENHOVEN, D.H.Th. 2005. *Wijsgerig woordenboek*. Amsterdam: De Zaak Haes.

WAAIJMAN, K. 2002. *Spirituality: forms, foundations, methods*. Leuven: Peeters.

WAINWRIGHT, W.J. 1981. *Mysticism; a study of its nature, cognitive value and moral implications*. Brighton, Sussex: The Harvester Press.